SOIL CONDITIONER

RhizoGro

RhizoGro Solanum Reg. Nr. B5044, Wet Nr. 36 van 1947
RhizoGro Cereal Reg. Nr. B5048, Wet Nr. 36 van 1947

'n Verkorrelde gekomposteerde pluimveemis wat verbeter is met byvoeging van voordelige Rhizobakteriële stamme vir gebruik as grondbehandeling.

WAT IS RHIZOGRO CEREAL EN SOLANUM :

- 'n Verkorrelde gekomposteerde pluimveemis wat verbeter is met byvoeging van voordelige Rhizobakteriële stamme vir gebruik as grondbehandeling. Hierdeur word nie net 'n alternatief vir sintetiese misstowwe gebied nie maar ook bevordering van grondgesondheid deur plantgroei stimulerende bakterië in die wortelsone van plante te plaas.
- **Rhizogro** kan bydra om voedselsekuriteit en volhoubare landbou te bevorder deur grondvrugbaarheid te onderhou deur middel van natuurlike biologiese stelsels met mikro-organismes.

VOORDELE VAN RHIZOGRO CEREAL EN SOLANUM :

- Beide **Rhizogro** produkte is hoendermis gebaseerde komposmateriaal wat verryk is met geselekteerde PGPR* mikro-organismes wat bewys is dat dit plantgoei bevorder, fosfate meer oplosbaar maak en stikstof fikseer.
- Gekomposteerde hoendermis is 'n bekende bron wat ryk is aan plantvoedingsstowwe en die fisiese eienskappe van grond bevorder.
- Komposmateriaal verhoog mikro-organisme populasies in grond met gevolglike bevordering van grondgesondheid.
- Ander voordele van **Rhizogro** sluit in dat dit ryk is aan organiese materiaal, ten volle gekomposteer en verkorrel vir maklike toediening.
- Gekomposteerde hoendermis is 'n uitstekende grondkondisioneerder. Afgesien van die beskikbare voedingstowwe verhoog dit ook die organiese inhoud van die grond. Hoër organiese inhoud verhoog die katioonuitruiling kapasiteit, waterhoudingsvermoë en verminder loging van belangrike minerale.

* PGPR = Plant growth promoting Rhizobacteria.

WAAR WORD RHIZOGRO GEBRUIK :

- **Rhizogro Cereal** kan gebruik word op mielie- en koringaanplantings terwyl **Rhizogro Solanum** op tamaties, aartappels, tabak en capsicum gewasse gebruik kan word.
- **Rhizogro** moet gebruik word as 'n alternatief tot, of ter ondersteuning van kunsmistowwe deur verbetering van grondpotensiaal.
- Dit kan ook gebruik word om grond te bestuur vir volgehoue produksie.

HOE OM RHIZOGRO TE GEBRUIK :

Rhizogro Cereal kan toegedien word:

- Mielies en koring - in die plantvoor teen 125-250 kg/ha.
- Mielies en koring - breedwerpig teen 500 - 1000 kg/ha.

Rhizogro Solanum kan toegedien word:

- Aartappels, breedwerpig teen 1 – 2 ton / ha.
- Tamaties, breedwerpig teen 0.5 – 2 ton / ha.
- Tabak, breedwerpig teen 1 – 2 ton / ha.
- Capsicum ("bell peppers, paprika, chillies", ens.), breedwerpig teen 0.5 – 2 ton / ha.

*See label for further instructions and information.

Download our Rolfes Agri App
www.rolfesagri.co.za

Rolfes Agri (Pty) Ltd (Reg. No. 1998/013411/07)
288 Mundt Street, Waltloo, Pretoria
Tel: (012) 803-0145 • Fax: (012) 803-8418

Rolfes Agri